Eenvoudig nie goed genoeg nie.

Teks: Matteus 11: 16 -24
Teksvers: Matteus 11: 17, 21 & 23

1. Inleiding

Wat is ons siening of beeld van die kerk vandag? En wanneer ons hierdie vraag vra bedoel ons nie die Gereformeerde teologie of kerkverband nie. Ons praat van ons eie plaaslike gemeente waarvan ons deel is hier in Phalaborwa. Het ek ’n positiewe siening? Wanneer ek ook met ander mense oor hierdie kerk gesels? Of het kritiek uit verskeie oorde deur die jare my al bitter gemaak teenoor die kerk en die gemeenskap van gelowiges hier?

Hierdie saak van kritiek teenoor die werk van die Here is geen nuwe verskynsel nie. In ons teksgedeelte vandag, sien ons opvolg uitsprake van ons Here Jesus Christus. Hierdie opvolg uitsprake of openbarings, is in antwoord op Johannes die doper se vraag oor Sy Messiasskap. Dink jouself dit in vir ’n oomblik. Johannes die doper, wat self deur Jesus beskryf word as die grootste profeet, vra hierdie vraag. Daar is by hom in diep in die gevangenisskap twyfel.

Maar voor ons nou so hard vir Johannes oordeel, waaroor gaan hierdie twyfel wat Johannes belewe. Dit gaan oor die afwesigheid van vrugte. Die kort gelykenis in Lukas 13 kom op in ons gedagtes. Daar waar die tuinier pleit in vers 8: “Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan. Ek sal die grond rondom hom omspit en bemes. 9Miskien sal hy dan volgende jaar vrugte dra. Maar so nie, kan u hom uitkap.”

Want Johannes die doper het ten diepste, bekering gepredik. Daardie doelbewuste afsku in die sonde waarin ek betrokke is, en aktief ’n ander rigting inslaan. Maar veral wanneer ons by die stede Gorasin, Betsaida en Kapernaum kom, sien ons nie bekering nie. Daar is baie min bekering ondanks die groot hoeveelheid omspit en bemesting deur Christus self daar gedoen. Maar waarom is dit dan so?

2. Nie op standaard nie

In vers 16 begin Jesus deur ’n vergelyking. Die vergelyking wat Hy gebeur is speletjies wat kinders met mekaar gespeël het op die markplein. Dit het as volg gewerk, ’n groep sou op die fluit speel en dan sou die res in reaksie hierop dans. Maar die musiek moet darem goed genoeg wees, voor ’n mens kan begin dans. En dit is dan wat ons in vers 17 sien. Vir die ander kinders is die musiek wat deur die eerste groep kinders gemaak word eenvoudig nie op standaard nie. Krities word dit beoordeel as nie goed genoeg om op te dans nie.

Maar dit is net die een uiterste van die speletjie, die vreugde kant. Wat dan van treurige musiek? Ook die treurlied is nie hartseer genoeg nie. Die kinders antwoord weer krities deur geen reaksie ten toon nie. Met ander woorde die ander uiterste is ook nie goed genoeg nie. Jesus trek dan hierdie uiterstes deur tot by homself en Johannes die Doper. Wanneer daar gefokus word op eetgebruike, vermy Johannes baie dinge. In kort hy leef ‘n armlastige eenvoudige lewe. Maar leef ‘n man van God dan so armlastig en onversorgd hoor ons al die kritiek van die mense.

Jesus in die ander kant geniet weer goeie maaltye ten volle ook in die geselskap van ander mense. Maar vinnig is daar weer die kritiese neus optrek vir hierdie wynsuiper en vraat. En ook vir iemand wat saam met sondaars eet. Nee wat so ‘n bediening staan my darem ook nie aan nie, was die mense se reaksie.

Hierdie mens in hulle kritiese hardkoppigheid mis die Verlosser. Hulle kritiese veroordelende uitkyk maak hulle ore en oë toe, vir die realisering van die evangelie wat daar reg in hulle midde gaan plaasvind. Jesus se uitspraak oor hierdie gesindheid in Matteus 10 is ook baie skerp:
Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.

3. Meer ook die gemeenskap

In vers 20 gaan hierdie openbaring van die Here verder. Ons kan sê dit gaan wyer, as die individu. Want wanneer ons vandag na geloof en geloofsbeoefening kyk ervaar ons ook ’n sterk individuele benadering. Dit is ook dikwels ’n duidelik sigbare element wanneer dit by kritiek kom. Die siening dat ek in my persoonlike geloof reg en goed is, ondanks ’n

gemeenskap of geloofsgemeenskap wat op pad na die hel is.

Hierdie oppad na die hel uitdrukking val dalk hard op die oor, tog is dit presies wat Christus te sê het oor die 3 onboetvaardige stede in vers 20 - 24. En dit is belangrik om te sien dat hierdie oordeel oor stede gaan. Stede wat op die einde ook met Sodom vergelyk word, waarin ons weet daar net 4 regverdige mense uitgekom het, Lot en sy familie. Maar is die darem nie hard om ’n gemeenskap as ’n geheel te straf nie, hoor ons die moderne mens maklik uitroep.

Want kan ons regtig aanvaar dat aan almal in die gemeenskap die waarheid geopenbaar is? En dit is hier waar die antwoord nader aan ons vandag lê as wat ons besef. Jesus verwys na die kragtige dade wat plaasgevind het in hierdie stede. Ons weet dat Jesus verwys na Sy prediking en gepaardgaande wonders in hierdie stede. Tog het die mense hoogmoedig dit as niks afgemaak nie. Dit het geen impak op hulle geestelike lewe gehad nie. Die Eniggebore Seun van God het letterlik tot binne in hierdie stede gekom. En nog meer, Hy het daar die evangelie bedien.

Ons is in ons gemeenskap al vir 60 jaar lank geseën met die teenwoordigheid van ’n plaaslike gemeente. ’n Gemeente waar die evangelie Sondag na Sondag verkondig is, maar baie mense kies eenvoudig om die moeite te vermy om Sondae te kom luister. Of wanneer ons hier is, wil ons betrokkenheid en moeite tot die minimum beperk, omdat ons eintlik krities staan teenoor wat gebeur.

Geloofsbeoefening is uiteindelik ook ’n gemeenskaplike saak. En ook in die gemeenskaplike sy hiervan rus die Here se oordeel en toorn. Maar daar is steeds genade vir die gemeenskap wat ondanks gebreke en tekortkominge vanoggend weer opnuut neerbuig voor ons Here Jesus Christus.

4. ’n Valse vrede

Die rol wat geloofsgemeenskappe dikwels vervul vandag kan beskryf word as sekuriteit. Die veiligheid wat ek beleef omdat ek weet ek deel in groepsvoordele. In terme van ’n geloofsgemeenskap gaan dit gewoonlik sover as verlossing en saligheid. Die gedagte dat net omdat ek deel is van ’n spesifieke geloofsgemeenskap sal ek uiteindelik gered word. Ook dit is nie vreemd aan ons teksgedeelte nie.

In vers 23 verwys Jesus na die feit dat Kapernaum dink hulle sal dot die hemel toe verhoog word. Kapernaum was ’n belangrike stad in die vroëer Christelike geskiedenis. Trouens wanneer jy vandag nog daarheen gaan word dit steeds beskryf as die dorp van Jesus. Met ander woorde die dorp waar Jesus gewoon het op aarde. Volgens Matteus 4 verhuis Jesus na Kapernaum vannaf Naseret nadat Sy lewe bedreig word. Ons weet ook dat dit die tuisdorp van Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes was. Die roeping van hierdie apostels tesame met baie ander wonders maak Kapernaum ’n belangrike aardse adres. Of dit is ten minste wat die mense daar geglo het.

Maar dit is nie genoeg om bloot te kan sê ek het in dieselfde dorp as Christus gewoon hier op aarde nie. Net so kan ons nie net volstaan by my naam op ’n lidmaat register van ’n kerk waarin die Here opreg geëer en aanbid word nie. Ek moet ook self met passie en ywer die voordeel van hierdie kerk soek. Ek moet self die Here eer en verheerlik, en aktief kom hande vat met my broers en suster in die geloof om dit saam te doen. Ek moet dit doen ondanks my en hulle foute en tekortkominge.

Ek kan nie in die valse vrede leef dat ek moes deel is van die kerk, terwyl my band met die kerk nie verder sterk as my geografiese woonaders in die bedieningsgebied nie.

5. Slot

Ons kan vandag se preek opsommend met die die volgende gedagtes afsluit. Aanvanklik kom hierdie gedeelte voor as ’n kwaai oordeelsgedeelte. ’n Gedeelte waarin die toorn van die Here ontvalm, selfs teen spesifieke geografiese gebiede. Die vergelyk word uiteindelik getref met Sodom wat die Here as stad met vuur uit die hemel vernietig het. En ons ken die rede vir hierdie vernietiging goed, dit is die verskriklike sonde wat daar plaasgevind het.

Maar om net die vuur en swael oordeel in hierdie teksgedeelte te sien, sal wees om nie alles raak te sien nie. Trouens wanneer ons net dit doen, mis ons eintlik die grootste en die belangrikste openbaring. Ons mis ons Here Jesus Christus wat met uitgestreke hande in hierdie stede staan. Daardie selfde uitgestrekte hande wat vir ons verlossing en redding as offer aan die kruis bewerkstellig.

Maar ondanks hierdie groot genade werking van die Heilige Gees in hierdie gebiede, bly die mense onbekeerd. Hulle draai eenvoudig krities die rug op Christus en gaan maar aan met hulle verkeerde optrede. En dit is hier waar ons as kerk vanoggend ook die openbaring ontvang. Kom luister en ervaar ons nog die Woord van die Here, as daardie lewensveranderende uitsprake wat dit is? Gehoorsaam ons nog die werking van die Heilige Gees binne ons om in aanbidding voor Christus neer te val? Om ook met my hele lewe te getuig dat Christus die enigste koning en heerser is? Of is die geloofsgemeenskap, prediking, samelewing en uiteindelik plaaslike kerk maar net nie goed genoeg vir my nie.

Kom ervaar weer die liefdevolle genade van die Here, waarin Hy selfs Sy eniggebore Seun geoffer het dat ons anders, beter kan lewe vandag. Kom gehoorsaam die leiding van die Heilige Gees binne ons vandag en in die toekoms wat voorlê

Amen